**Vrydag 25 Oktober**

| Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10 | Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10 |
|---|---|

**Wedergeboorte – opgewek tot ’n lewe van blydskap (God verkies ons uit tot aksie)**

Blydskap kom wanneer die Here jou lewe omdop met sy lewensveranderende ingryping. In ons teks dank Paulus God vir drie veranderinge in die geloofslewe van die Tessalonisense.

*1. Werk van geloof* – Hulle het hulle geloof *aktief* beoefen. Vers 5 leer dit was *“met krag – en deur die Heilige Gees – en met volle oortuiging*. Geloof moet gesien kan word. Dit herinner aan die verlamde man se vriende: *“Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: Vriend, jou sondes word vergewe.”* Maar wat maak jou geloofswerk sigbaar?

*2. Inspanning van die liefde* – God se liefde vra dat jy jouself letterlik onder sy juk inspan om hierdie liefde aan ander te bewys. Weereens is dit sigbare aksie van geloof, en eggo dit Jesus se woorde: *“Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.”* Steek my liefde die kultuur-, taal- en generasiegaping oor soos ek my ook inspan vir hulle wat anders as ek lyk en dink?

*3. Volharding van die hoop* – Ons wonder waarom iemand sal werk in geloof en hom inspan om liefde te bewys as hy gedurig onder verdrukking kom? Vers 10 help: *“… en dat julle sy Seun wat Hy uit die dood opgewek het, uit die hemel verwag, Jesus, deur wie ons gered word van die oordeel wat kom.”* Die gelowiges in Tessalonika se hoop het op niks anders as op die verlossing deur Jesus Christus gestaan nie.

Hoe werk ons, en hoe het ons lief met hoop? Deur te juig oor dit wat ons verseker weet van die toekoms. Daar is ’n direkte verband tussen God se uitverkiesende liefde, en ons reaksie op die evangelie.

*Sing: Skrifberyming 1-2:1*

*Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)*